



WIT TWEE



BENODIGDHEDE: Ongeveer 550 g wit Pingouin Nr. 8; paar elk breinaalde van 3,50 mm en 4,00 mm; hekelpen om skouerband te hekel.

MATE: Om borsmaat van 81 tot 86 cm te pas.

SPANNING: 22 ste en 26 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met garing dubbel gebruik; 26 ste en 14 rye = 10 x 10 cm oor gaatjiesstuk met garing dubbel.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende; ks - koussteek (= deurgaans een ry regs, een ry aweregs; oks - omgekeerde koussteek (= die aweregskant is regte kant van werk); dubbelrif - dubbelrifsteek (= deurgaans twee regs, twee aweregs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; alt - alternatiewe; vlg - volgende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; pat - patroon (= gaatjiessteek); m1

NA BLADSY 55

LINGSTEL

Areabestuurders en Hoofkonsultante wat u van advies kan bedien

Wes-Kaapland	Lettie Visser	(021) 903-1966
Noord-Kaap	Martie Pool	(0541) 4245
Oos-Kaap	Aloma de Ridder	(042412) 325
Vrystaat en Wes-Transvaal	Hannie Linde	(053272) 3340
Bloemfontein	Joe Bezuidenhout	(051) 33-1122
Johannesburg	Trips le Roux	(011) 678-2292
Oos-Transvaalse Laeveld	Ria Horak Yvonne Slabbert	(01311) 23822 (01311) 22502
Oos-Rand en Vereeniging-area	Rachel Kruger	(011) 972-1991
Verwoerdburg	Rita van Vuuren	(012) 63-2884
Pretoria-Oos	Fransie du Plessis	(012) 98-1747
Noord-Transvaal	Kaatjie Spangenberg	(01541) 3400
Pretoria	Hoofkantoor	(012) 86-6633

GRATIS VELANALISE/ANNIQUE SE GESELSBRIEF

Ja, ek stel belang in:

- 'n Gratis velanalise
 Annique se maandelikse geselsbrief

en verskaf die volgende inligting:

NAAM:

ADRES:

Kode Tel.

ANNIQUE, POSBUS 12290, CLUBVIEW 0014

R/R 25/1/84

WIT TWEE- LINGSTEL

VAN BLADSY 53

- maak een steek.

GAATJIESSTEEK: 1e ry:

*aw2tes, m1, deurgaans.

2e ry: Deurgaans r.

BAADJIE

AGTERPANT; Met 3,50-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 94 ste op en brei 5 cm dubbelrif. Slaan oor na 4-mm-breinaalde en oks.

Vermeer 10 ste eweredig gespaseer oor eerste ry.

Brei voort tot werk 35 cm lank is vanaf begin.

Raglanafskuinsing: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van elke ry 8 keer, daarna 1 st aan weersk van elke alt ry 25 keer. Heg oorbl 30 ste af.

VOORPANT: Met 3,50-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 48 ste op en brei 5 cm dubbelrif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en gaatjiessteek, en brei elke 2e ry 2 ste meer in oks en dus 2 ste minder in gaatjiessteek — dit vorm 'n gaatjiesdriehoek.

Brei voort in oks wanneer laaste gaatjie gebrei is tot werk 35 cm lank is vanaf begin.

Raglanafskuinsing: Heg 4 ste af, aan mousgatrand, en vermin daarna nog 1 st elke ry 4 keer, daarna 1 st elke alt ry 27 keer — 14 ste bly oor.

Brei voort tot werk 50 cm lank is vanaf begin.

Hals- en skouervorming: Heg 6 ste af om hals te vorm, en daarna nog 4 ste elke alt ry 2 keer aan dieselfde kant.

Brei nog 'n voorpant op dieselfde manier, alle vormings omgekeerd.

MOUE (2): Met 3,50-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 50 ste op en brei 3 cm dubbelrif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en gaatjies-st. Vermeer 4 ste eweredig gespaseer oor 1e ry; vermeer daarna 1 st aan weersk van elke 10e ry tot 74 ste op breinaalde is. Die werk is dan ongeveer 42 cm lank.

Brei reguit voort tot werk 46 cm lank is.

Raglanafskuinsing: Heg 4 ste af aan beg van vlg 2 rye. Vermin 1 st aan weersk van elke alt ry 27 keer.

Heg oorbl 8 ste af.

VOORPANTSTROKE: Tel 100 ste met 3,50-mm-naalde oor elke voorpantrand op en brei 2,50 cm enkelrif. Heg af.

AFWERKING: Werk raglan-

nate toe. Tel 86 ste met 3,50-mm-breinaalde oor halsrand op en brei 2,50 cm enkelrif. Heg af. Werk sy-en mounate toe. Stoom kledingstuk liggies.

BOSTUK

AGTERPANT: Met 3,50-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 76 ste op en brei 4 cm dubbelrif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en oks en brei tot werk 23,5 cm lank is.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde en brei 2,50 cm dubbelrif. Heg rifsgegewys af.

VOORPANT: Met 3,50-mm-breinaalde en garing dubbel, stel 76 ste op. Brei 4 cm dubbelrif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei oks met gaatjiesontwerp soos volg: 1 randsteek, 2 ste gaatjiessteek, (m1, aw2tes), 72 ste oks, 2 ste gaatjiessteek, 1 randsteek.

Brei so voort en in elke alternatiewe ry nog 2 steke aan weerskante in gaatjiessteek sodat gaatjies aan weerskante van werk geleidelik skuinsweg vermeerder. Wanneer daar 22 steke aan weerskante van werk in gaatjiessteek is, moet gaatjies weer skuinsweg verminder word om as 't ware twee pypunte wat na binne wys, aan weerskante op voorpant te vorm.

Brei so voort tot die 42e ry na riffelboord voltooi is, en begin met die vorming van die gaatjiesdriehoek in die middel van die voorpant soos volg:

43e ry: Brei 10 ste gaatjiessteek, r9, 38 ste gaatjiessteek, r9, 10 ste gaatjiessteek.

Brei nou algaande in die volgende alternatiewe rye 1 gaatjie minder aan elke kant van middelste gaatjies om 'n driehoek van gaatjies te vorm, en hou die steke tussen die driehoek en die gaatjies aan die sye in omgekeerde koussteek. Brei so voort tot al die gaatjies weggebrei is.

Brei 2 rye omgekeerde koussteek.

Slaan oor na dubbelrif en brei 2,50 cm dubbelrif. Heg rifsgegewys af.

SKOUERBANDJIE: Met garing enkel, hekel 6 kettings van 'n meter elk en vleg die kettings, deur hulle twee-twee saam vas te hou, om een lang skouerband te vorm.

AFWERKING: Werk synate toe. Werk eindpunte van vlegselband in posisie aan voorpant vas om gemaklik om nek te pas (raadpleeg foto).